

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
desember 2018



"Lig!"

Lensopening: f5.6; Sluiterspoed: 1/200 sekonde; Fokale lengte: 275 mm

As jy wonder oor die foto hierbo se titel en wat eintlik afgeneem is, dan is daar net een antwoord: **LIG**, in hoofletters.


Ons het in die vorige uitgawe van *Fotografienuus* heelwat gesels oor lig, maar ons meen dit is so 'n belangrike onderwerp, dat daar nog weer verder daaroor gesels kan word – en verdere wenke gegee gaan word.

Desember is natuurlik die maand vir Kersfees, maar dit is ook die maand wat heelwat mense rondreis. In die lig hiervan wil ons in hierdie uitawe ook oor reisfotografie gesels.

Dus: reis lig en speel met lig. Geniet hierdie uitgawe van *Fotografienuus*. Mag Kersfees met sy Christus-boodskap 'n ware Christus-fees wees vir jou, jou gesin, familie en vriende.

Johan

voorbladfoto



"Ligspeling"
Lensopening: f5.6; Sluiter spoed: 1/80 sekonde;
Fokale lengte: 300 mm

Weereens, as iemand sou vra wat is die bedoeling met die voorbladfoto, dan is die antwoord net "lig". Ek het die blomme gesien, maar ek het ook die laatmiddagson gesien en hoe dit die blomme van agter belig. Dus, skielik was die regte bestanddele daar vir die resep.

Verder het ek ook al die vorige dag gesien hoe die laatmiddagsonlig 'n olienhoutboom se blare laat blink. Toe het ek al gedink: 'n foto! Die monochrome foto hierby toon die idee. Die swart-en-witkeuse beklemtoon natuurlik die lig. Ek dink jy sal saamstem dat kleur die aandag van die lig sou aftrek.

En van kleur gepraat, hier is 'n kleur-ligidee. Lees verder aan hoe jy foto's kan neem met lig as onderwerp.



"Liggesigte"
Lensopening: f5; Sluiter spoed: 1/80 sekonde; Fokale lengte: 170 mm

Soek die lig


Riglyne

Om lig raak te sien (en verder nog, om dit te fotografeer) kan aanvanklik baie vreemd klink. Dis soos om te sê: Sien die lug. Daarom is dit belangrik om jouself in te oefen om lig raak te sien. Voordat jy dus begin om foto's van die lig te neem, doen eers die volgende oefeninge:

- ✓ Stel vir jouself die doel om vir 'n week lank elke dag lig raak te sien. Maak notas deur hoogstens een trefwoord per dag te gebruik, byvoorbeeld, maanligtoneel, waterweerkaatsings, weerlig.
- ✓ Stel vir jouself vir 'n tweede week die taak om elke dag 'n rowwe skets te maak van lig, byvoorbeeld agterbeligte grashalms, sonligstrepe in 'n donker skuur, skaduwees teen mure.
- ✓ Stel vir jouself gedurende die derde week die taak om elke dag 'n foto van lig te neem. Ons gee verder riglyne hiervoor.

Volg dus nou die onderstaande aanwysings stap-vir-stap:

- ✓ Komposisie: Kry 'n goeie komposisie met alle klem op lig.
- ✓ Driepoot: Gebruik beslis 'n driepoot sodat jy ten volle beheer het oor die komposisie en die kamera.
- ✓ Lensstelsel: Gebruik enige lens.
- ✓ Zoemlens-instelling: Stel die zoemlens in om die foto in 'n goeie mate te vul.
- ✓ ISO: Gebruik 'n lae waarde, byvoorbeeld 100 of 200.
- ✓ Fotoformaat: Stel die fotoformaat verkieslik op landskap.
- ✓ Witbalans: Kies 'n passende witbalans.
- ✓ Lensopening: Kies 'n geskikte lensopening.
- ✓ Fokussering: Fokus op die korrekte posisie.
- ✓ Sluiter spoed: Stel vir 'n begin die sluiterspoed in op die "korrekte" lesing volgens die liniaal. Varieer dit stap-vir-stap om al meer en meer te onderbelig.



Laat die foto hierby vir jou 'n eenvoudige beginpunt gee.

OP REIS MET LIG

Of jy nou in Desember op reis gaan of nie, hier is 'n paar algemene reiswenke, onder andere ook wat in die tydskrif *National Geographic* as *Travel Photography Tips* gegee word:

- ✓ Moenie dink jy moet net na veraf plekke reis nie. Dit kan selfs so naby as jou dorp wees. Trouens, die beste oefening is om te begin met 'n reis deur jou eie omgewing (stad of dorp of plaas).
- ✓ Wat vooraf reisreëlings betref, is dit logies om seker te maak van 'n groot verskeidenheid niefotografiese sake soos paspoorte, visums, finansies, ensovoorts. Begin reeds weke voor die tyd met doenlyksies. Wat fotografiese sake betref, is dit 'n baie belangrike saak om te onthou om ook 'n lys van al jou fotografie-toebehore saam te stel, selfs met foto's daarby. Dit geld veral vir buitelandse reise. Onthou in die besonder ook om kameras en lense se reeksnommers neer te skryf en om by grensposte alles te verklaar.
- ✓ Vra jouself af hoekom jy na 'n bepaalde plek op reis gaan. Wat is daar wat jou trek? Wat gaan jy besoek? Watter besienswaardighede is daar? Watter soort foto's verwag jy om te kry? Die boodskap is: Doen vooraf die nodige voorbereiding en kry inligting oor die plek. Hou beslis die ligaspek in gedagte.
- ✓ Wanneer jy by jou bestemming aankom, maak tyd vir foto's – en spesifiek goeie foto's. Loop rond, verken die lig, sien die mense, ervaar die atmosfeer. Jou tyd mag beperk wees, begin dus gou. Maak steeds tyd – al moet jy vroeër opstaan of later gaan slaap. Beplan jou fotografie op 'n geskeduleerde manier. Moenie uitstel tot more nie – more reën die lig dalk weg!
- ✓ Moenie tevrede wees met die eerste paar foto's van 'n plek of omgewing nie. Beweeg rond, gaan nader, probeer verskillende hoeke, gebruik alle lense. Wag vir die lig, die massas, 'n voël op 'n tak. Die heel ergste wat jou kan tref as jy op reis is, is die stille aanporring van reisgenote. Probeer om dié kwessie vooraf reeds weg te organiseer.
- ✓ Dit word sterk aanbeveel dat jy vooraf ook al 'n rekenaaruver skep met internetfoto's van plekke waarheen jy gaan en dinge waarvoor jy moet uitkyk. Dit kan selfs 'n slim plan wees om vooraf daarvan 'n PowerPoint-aanbieding saam te stel.

het jy geweet?

Die hoogste treinroete in die wêreld is die Qinghai-Tibet-spoorlyn wat in 2006 voltooi is. Dit klim tot hoër as 5 000 meter. Dink ter vergelyking daaraan dat Mont-aux-Sources, een van die hoogste bergpieke in Suidelike Afrika "maar" 3282 meter hoog is. Die besondere saak van hierdie spoorlyn is dat suurstof aan elke reisende passasier voorsien moet word!

SKERP of ONSKERP?

Hierby is twee foto's; noem dit Foto Skerp en Foto Onskerp. Die foto's toon dieselfde toneel en is ongeveer op dieselfde tyd geneem. Dit toon ook dieselfde liggehalte. Die enigste tegniese verskil is die skerpte van die foto's.

Foto Skerp



Foto Onskerp

Die vraag is, watter foto "trek" jou die meeste of "spreek" die meeste tot jou? Antwoorde sal verskil, en dit is die saak wat die fotograaf Anne McKinnell uitlig (lees weer ons artikel *Five impressionistic photo techniques* in die November uitgawe van *Fotografienuus*):

I often think of photography as two different art forms:

There is the traditional style that depicts a literal representation of a scene by showing how it actually appears to the person who is present – the style used in photojournalism and travel images.

Then there is another style where the photographer tries to convey the feeling of a scene, a general impression, or suggestion of a scene.

Die boodskap wat ons wil oordra is die volgende: Die saak oor watter foto die beste is, is nie 'n debateerbare punt nie. Die saak is veel eerder 'n geval van smaak – dit is die belangrike saak om te onthou. Dit geld oral in alle kunsvorms, van musiek tot beeldhouwerk.

Dit mag dus wees dat jy langer na Foto Onskerp wil kyk as na Foto Skerp omdat eers-genoemde vir jou "ligter" en "blywender" in die gemoed is. Of dit mag andersom wees. Hoe ook al, gun altyd ook die ander een sy/haar smaak!

WAT IS 'N HUIS SONDER 'N MOEDER?



Moontlik het dit met jou ook al gebeur – soos met ons onlangs – dat jy by iemand aan huis (of gastehuis in ons geval) kom, en dan allerlei ou geraamde afdrukke uit jou kinderdæ teëkom. Of onthou dat jy in 'n skoolmaat se ouerhuis gekom het en dáár het juis sulke prente gehang. Ek praat van afdrukke en behangsels soos “De breede en de smalle weg”, “Wat is 'n huis sonder 'n moeder/vader?” of 'n spesiale Pierneef-skildery met die onthulling van die Voortrekkermonument in 1949. Die foto's hierby toon die idee.

Maar dié tipe fotografie het ook sy probleme, soos gesien kan word by die Pierneef-werk. Hierdie keer is dit die negatiewe kant van lig, naamlik weerkaatsings, waar daar nie weerkaatsings moet wees nie.



Die reël van derdes

Almal ken die reël van derdes as dit by komposisie kom. En gaan jy op reis, is dit ook 'n belangrike saak by argitektuurfotografie. Die reël van derdes (met waardes 0,333 of 0,666, afhangend van hoe óm dit gemeet word) en die omgekeerde goudsnede getal (met waarde 0,618) sluit baie nou bymekaar aan. Lees ook ons verdere opmerking oor die goudsnede getal. Soek veral na voorbeelde van strukture waarin die goudsnede getal 'n rol speel.

Lees verder by www.goldennumber.net/architecture/



wenk

In die boek *The book of cities* van Philip Dodd en Ben Donald word kort besprekings gegee van 250 stede vanoor die hele wêreld. In die voorwoord tot hierdie boek merk die skrywers die volgende op ten opsigte van hul uitgangspunt:

[The book] is not a guidebook. We have not recommended the ... best budget hotels, nor hot new restaurants or hip clubs. ... Instead we have tried to blend history, topography and architecture with sounds, aromas and vistas and the character of the citizens.

REISFOTOGRAFIE:

'n wye genre



△ Windturbine tussen Molteno en Sterkstroom, Oos-Kaap

Reisfotografie as genre is baie wyd, soos ook uit ons bespreking tot dusver blyk. As 'n fotografiegenre het reisfotografie ook weer subgenres soos portretfotografie, landskapfotografie en dokumentêre fotografie. Hedendaagse style in reisfotografie kan dikwels terug herlei word na vrœere werke in tydskrifte soos *National Geographic* en fotograwe soos Steve McCurry. Hieroor sê Wikipedia die volgende:

This genre of photography entails shooting a wide variety of subjects under varied available conditions, e.g. low light photography indoors, available ambient light photography for exteriors of buildings and monuments, shooting on the streets where sometimes conditions may be hostile, capturing moments which rarely recur, capturing the magic of light while shooting landscapes, etc.

Besef hiermee ook aan watter omstandighede reisfotograwe dikwels blootgestel is, en steeds blootgestel word.

Die foto hierby van 'n windturbine teen die agtergrond van "vallende" wolke, toon iets van "capturing the magic of light while shooting landscapes".



Besef dat jy tydens 'n reis te doen sal kry met binnenshuise sowel as buitenshuise beligting, of – die heel slegste – 'n mengsel van die twee tipes. Doen dus altyd die nodige waarneming sodat jy 'n "korrekte" witbalansinstelling kan maak. Jy kan natuurlik ook daaraan verander vir maksimale kunssinnigheid. Dit mag ook 'n slim plan wees om foto's in RAW te neem sodat jy agterna die witbalans kan verander, indien nodig. Besef net dat met die kombinasie van JPEG+RAW die kamerageheue vinniger vol word en dat dit dus soveel meer van belang is om daaglik foto's op 'n rekenaar af te laai.

DIE GOUESNEDE GETAL

Die Fibonacci-getalle en die gouesneede getal, 1,618, hang nou saam.
Die Fibonacci-getalle

1, 1, 2, 3, 5, 8, 13, 21, 34, 55, ...

word opgebou deur elke keer die laaste twee getalle bymekaar te tel om die volgende een te kry (kontroleer self).

Let op dat as jy enige getal in hierdie ry getalle deur die vorige getal deel (byvoorbeeld 55/34), jy 'n getal kry naby 1,618.

As jy die deelproses andersom doen (byvoorbeeld 34/55) kry jy 0,618 wat ons reeds genoem het by die reël van derdes.



Lees by die volgende skakel hoe jy jou fotografie kan verbeter met behulp van die goue snede:

<https://bit.ly/2TULdlf>

Towerlantern Fotografie



Vir al jou fotografiese navrae
van **kameras** tot **kursusse**
(plaaslik sowel as aanlyn)

Skakel gerus vir navrae:
Johan de Klerk (082 884 7061)
www.towerlantern.co.za

 Towerlantern Fotografie


towerlantern
— fotografie —

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Towerlantern Fotografie
- desember 2018 -